Desember 2009
WA

Geagte Lid

VOORDELE EN BYDRAES VIR 2010

Met verwysing na ons kommunikasie wat in November 2009 aan u gepos is met betrekking tot die vertraging in die bekendstelling van die voordele en bydraes vir 2010, is dit aangenaam vir die Fonds om nou die voordele en bydraes vir 2010 aan u voor te lê.

Bykomend tot hierdie brief is die Voordelegids, wat inligting bevat oor die voordele vir 2010 en ‘n Stap-vir-Stap Gids om u voordeelplan vir 2010 te kies. ‘n Plankeusevorm is ook ingesluit. Lees asseblief die inligting wat verskaf is voordat u u voordeelplan verander.

Vir 2010 het die Fonds die Private Cover plus Savings Account plan gesluit. Hierdie plan het aansienlike verliese gely en ‘n beduidende bydrae-toename sou nodig wees om hierdie plan te stabiliseer. Die Fonds stel dus twee nuwe voordeelplanne bekend, naamlik die Private Network Core plan en Private Network Saver plan, ten einde die volhoubaarheid van die Fonds te verseker.

Lidbydraes op hierdie nuwe voordeelplanne word nie op inkomste gebaseer nie, maar slegs op die lid se aantal afhanklikes. Dit is in lyn met met die bydraes van die meerderheid soortgelyke planne in die industrie. Die chroniese medisyne-voordeel wat verband hou met privaat voordeelplanne, is ook gestruktureer in lyn met die standaard voordeel wat deur soortgelyke planne in die industrie voorsien word.

Na suksesvolle onderhandelings is ons trots om Netcare en die Medi-Clinic Group te verwelkom as deel van die Transmed Privaat Hospitaalnetwerk. Ons is ook trots om die Transmed Apteek-netwerk bekend te stel, wat bestaan uit Clicks Pharmacies, Chronicare/Carecross-Alpha Pharm Pharmacies, die Amalgamated Pharmacy Group (insluitend Family Care Pharmacies) en Medi-Rite Pharmacy Groups (apteke in Shoprite/Checkers winkels). Maak asseblief seker dat u uitvind watter van hierdie netwerkhospitale en netwerk-apteke die naaste aan u geleë is.

Die State plus Own Choice plan het ‘n nuwe swangerskapvoordeel wat volle dekking vir die bevalling by enige privaat hospitaal bied. Let asseblief daarop dat dit onderhewig is aan registrasie op die Transmed Swangerskapsprogram. Stel die Fonds asseblief in kennis sodra u weet u ‘n baba verwag.

Die sluitingsdatum vir die verandering van voordeelplanne is uitgestel tot 22 Januarie 2010 ten einde u met genoeg tyd te verskaf om die Voordelegids te bestudeer en ‘n ingeligte plankeuse vir 2010 te maak. Let asseblief daarop dat u huidige voordeelplan en voordele sal voortduur tot 31 Januarie 2010 en ‘n verandering in u voordeelplan en nuwe voordele vir 2010 sal met ingang van 1 Februarie 2010 in werking tree. U bydrae vir Januarie 2010 sal dus steeds gebaseer word op die 2009 skale en u hersiene bydrae sal slegs ingevorder word vanaf Februarie 2010. Let asseblief daarop dat voordele wat in Januarie 2010 toegeken word, herbereken sal word op ‘n pro rata-basis indien u u voordeelplan verander vir 2010. U moet dus u voordele gedurende Januarie 2010 met omsigtigheid gebruik.

Namens die Raad van Trustees wil ek u en u geliefdes graag ‘n gelukkige, gesonde en voorspoedige 2010 toewens.

Vriendelike groete

PETRUS WASSERMANN
HOOFBEAMPTE

101 De Korte Street Braamfontein 2001 PO Box 32931 Braamfontein South Africa 2017
De Korte-straat 101 Braamfontein 2001 Posbus 32931 Braamfontein Suid-Afrika 2017
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2020 or/of 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2024 or/of 0800 450 010 (Transnet Working Members and Transnet Pensioners/Transnet Werkende Lede en Transnet Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2026 (Service Providers or/of Diensverskaffers) Fax/Faks 011 381 2041/2 E-mail/E-pos enquiries@transmed.co.za Website/Webtuiste: www.transmed.co.za